Liberale, versoenende, idealistiese Afrikaner-nasionalis

Mouton, F.A. 2011. **Prophet without honour: F.S. Malan – Afrikaner, South African and Cape Liberal**. Pretoria: Protea Book House. 184 p. Price: R180,00. ISBN: 978-1-86919-414-7.

Resensent: P. Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot
Department Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat

Dit is ’n tekortkoming dat F.S. Malan, die Bolandse wynboer/regsgeleerde/joernalis en veral politieke leier, wat gehoop het om die skoene van Onze Jan vol te staan, nog nooit ’n volwaardige Afrikaanse biografie ontvang het nie. Hierdie deeglike en goed nagevorsde biografie deur Alex Mouton, professor in Geskiedenis aan Unisa en biograaf van Margaret en William Ballinger en Schalk Pienaar, vul ’n belangrike leemte, maar laat ook ’n behoefte. Net soos Schalk Pienaar sonder Afrikaans nie werklik verstaan kan word nie, kan F.S. Malan ook nie sonder Afrikaans verstaan word nie. Die feit dat die keuse gedoen is om die boek in Engels te skryf, bring mee dat Malan se politieke idealisme eerder as sy kulturele betrokkenheid en nalatenskap die grootste klem ontvang. Laasgenoemde word wel gereeld in die boek vermeld, maar kom nooit tot sy volle reg nie. Malan was ’n stoere kampvegter vir die opbou van ’n onafhanklike en selfstandige Afrikaanse kultuurgemeenskap. Selfs nadat hy polities vereensaam het en as ’n uitgestotene gevoel het, het hy steeds sy volle diens aan die Afrikaanse kultuurlewe gegee.

Wanneer ’n mens hierdie feit en die uitgebreide eerbetoon wat na sy dood aan hom betoon is, in ag neem, moet jy inderdaad vra in watter opsigte was hy ’n profeet wat geen eer ontvang het nie? As kultuurleier was daar groot erkenning, as Kaapse leier van die Suid-Afrikaanse Party het hy aansien geniet. As kampvegter vir Johannes du Plessis het hy nie alleen gestaan nie en het selfs sulke swaargewigte soos professor Adriaan Moorrees met hom saamgestem. Polities gesien was sy onstabiele verhouding met ou vriende soos Jan Smuts, Louis Botha, J.B.M. Hertzog en ander ’n besondere kenmerk van sy loopbaan. Sy verwagting dat hy die pos van Eerste Minister sou ontvang, is nooit verwesenlik nie. Was dit oor sy liberale houding ten opsigte van arbeidsverhoudings, sy kritiese houding oor die uitwasse van mynkapitalisme en sy kritiese uitsprake oor die rol van die mynmagnate, was dit oor sy pleidooie vir die mynwerkers en

die swart werkers, of was dit oor sy ferme ondersteuning van die uitbreiding van ’n gekwalifiseerde stem vir nie-wit kiesers, of die sogenaamde liberale Kaapse grondwet wat daartoe gelei het dat hy nooit politieke vervulling gevind het nie? Mouton voer nog meer persoonlike redes aan waarom Malan nie die geluk gevind het waarna hy gesoek het nie (p. 99-100). Sy finale gevolgtrekking is dat Malan ’n man van integriteit en beginsels was wat sy Christelike waardes ook op die gemarginaliseerde groepe in die samelewing van toepassing wou maak. Dit is eintlik die Engelse gemeenskap en politieke leiers wat aan Malan geen erkenning gebied het vir sy pleidooie vir die armes en vir dit wat hy vir die Britse Ryk gedoen het nie (p. 134).

’n Profeet behoort ook die volle implikasies van wat hy bepleit, raak te sien. Sy anti-republikanisme het nie ingesien dat die Britse Ryksidee nie op die langtermyn kan voortbestaan nie en dat republieke in groot getalle uit die Britse Ryk sou ontstaan. Sy pleidooi vir gekwalifiseerde stemreg vir nie-wittes waardeur hulle aan hoër vereistes as die wittes sou moes voldoen, was inherent diskriminerend. D.F. Malan het in die debat van 1936 daarop gewys dat die gekwalifiseerde stemreg net ’n tussenstap was na swart meerderheidsregering soos later oral in die koloniale wêreld bewys is, ook waar gekwalifiseerde stemreg wel aktief bestaan het. Mouton wys daarop dat F.S. Malan geen antwoord op hierdie argument gehad het nie en dat hy net een keer erken het dat sy beleid tot swart meerderheidsregering sou lei (p. 166).

Malan het ’n sleutelrol in die politieke geskiedenis en die opbou van ’n Afrikaanse kultuurgemeenskap gespeel. Daarvoor verdien het die volle erkenning van die nageslag. Hy was ook die verteenwoordiger van iets wat nie volop in die geskiedenis is nie en dit maak hom nog meer merkwaardig: ’n liberale, versoenende, idealistiese Afrikaner nasionalis!